

**7 November**

**Skrifgedeelte: Psalm 4:1-9 (OAV)**

**Fokusgedeelte: Psalm 4:4**

### **God gee ruimte in benoudheid**

Psalm 4 word 'n aandlied genoem op grond van vers 9: "Ek **wil** in vrede gaan lê en meteens aan die slaap raak." Dawid, die man na God se hart, het 'n wye verskeidenheid fasette van die lewe met al sy lief en leed ervaar. Hy was geseënd en vol voorspoed (Ps 21: 1-8), maar ook vol teëspoed. Dink maar aan sy en Batseba se kindjie wat sterf, aan die opstand van sy seun Absalom en dat hy nie vir die Here 'n tempel kan bou nie. As Dawid terugkyk op sy lewenspad, en as hy in die aand terugkyk na die dag wat verby is, bely hy in vers 2: "In benoudheid het U vir my ruimte gemaak."

Beproewing, teëspoed en kommer laat 'n mens soms voel asof dit jou wil vasdruk. Dit maak jou beangs en benoud. Nou bely Dawid: die Here het my deur alles heen gelei. Hy het die angs en benoudheid weggeneem en Hy het weer ruimte (uitkoms-1983) gegee. Dit gee hom vertrouwe vir die toekoms. Dit is die rede waarom hy sê: "Ek wil in vrede gaan lê en dadelik aan die slaap raak, want die Here laat my in veiligheid woon." Dawid sien die versorgende hand van die Here in sy lewe, ook in moeilike tye. Die Here gee nie net "koring en mos" nie, Hy gee veel meer. Hy gee "groter vreugde as wanneer koring en hulle mos oorvloedig is."

Ons moet ook die versorgende hand van die Here raaksien. Die Here gee vir ons in benoudheid weer ruimte. Kyk maar terug. Die grootste bewys is Jesus Christus, wat ons nie net verlos nie maar ook aan ons uitkoms en vrede gee.

*Sing: Psalm 108:1 Ds AH Klopper (Kroonstad)*